EIETYDSE PREDIKING?

Johan van der Merwe

Hoekom ons nie deur vandag se idioom geboelie mag word nie

Die meeste van ons, gevra oor die prediking, wil graag preke preek wat mense in hulle onmiddellike leefwêreld aanspreek. Dis tog niks minder nie as verantwoordelike hermeneutiek om die brug te slaan van die Bybelse leefwêreld na vandag se moderne leefwêreld. Will Willimon skryf egter die verkeer op die hermeneutiese brug loop nou al weer net eenrigting – die moderne leefwêreld storm in die Bybelse teks in en sif links en regs – "hierdie gedeelte praat met ons vandag", "nee, jammer, hierdie is regtig onprakties." Die punt was nooit dat ons kultuur die Bybel moes lees nie; juis andersom - die Bybel lees ons kultuur! Deur "kontemporalisties" te preek, kan ons vergeet dat die Bybel nie soseer met ons moderne kultuur wil praat nie, as dat dit ons moderne kultuur tot bekering wil bring! Ons moderne kultuur is immers nie net asemrowende tegnologiese ontwikkelinge nie. Dit is ook die mees geweldadigste tydperk in mense heugenis en 'n kultuur wat nog bitterweinig kon doen aan ongekende armoede.

> "Microsoft Windows" maak toe nie die vensters van die hemel ook oop nie.

Dit haal miskien so bietjie die druk van predikers af as ons kan voel ons hoef nie met die kontemporêre kultuur te kompeteer nie. Baie van ons voel ons moet darem minstens probeer! En met 'n veel, veel laer begroting as Hollywood doen ons nogal heel goed – die musiekgroepe is heel skaflik, veral as jy dink dat hulle vrywilligers is wat eintlik 'n ander werk het in die dag! Met ons geanimeerde "powerpoint" skuifies en met die stukkies flieks wat ons inplak, wys ons minstens dat ons die kultuur van die dag verstaan. Dis alles moedige pogings. Maar die krag van die evangelie sal van 'n ander punt af moet kom. Een van die kenmerke van die X- en Millenium-generasie is juis die klem op egtheid en integriteit! Of die boodskap werklik vir my hoop kan bring in my moderne wêreld is 'n meer kritieke vraag as hoe "hi-tech" dit vir my opgedis word! "Microsoft Windows" maak toe nie die vensters van die hemel ook oop nie.

Na al die jare gaan die prediking dus nog steeds daaroor om die Bybelse woord vir menslike nood te bring. Die antwoord is egter nie die soort vernuwing van "how to" prediking nie, maar die herontdekking van die paradoks van die Evangelie. Dit is om vir mense van ons tyd die "landskap" van die Evangelie te wys, daardie "paradoksale landskap" waar mense die onsienlike sien, rus vind onder 'n juk, regeer deur te dien, verhoog word deur verneder te word, wys word deur dwase vir Christus se saak te wees, krag te hê wanneer ons swak is, vry te wees deur slawe te wees, ensovoorts. Onwillekeurig probeer ons hierdie wilde landskap van paradokse tem en mak maak en noem dit dan kontemporêre prediking. Veral omdat mense maklik na die volgende religieuse stalletjie op die mark aanbeweeg, gee ons graag beginsels, praktiese handvatsels, harmonieer ons die paradokse van die evangelie en eindig met temas soos "Hoe om die romanse weer te laat opvlam" en "Hoe om bekommernisse te oorwin". Willimon sê hieroor

jy kry deesdae uit preke die indruk Jesus was een of ander rondgaande psigoterapeut wat gratis rondgereis het om mense te help beter voel!

Hoekom ons nie vandag se idioom mag ignoreer nie

Dit alles is geen verskoning vir vervelige prediking nie! In die eerste plek is die evangelie te opwindend om vervelig aangebied te word! In die tweede plek sal ons dwaas wees om die filters wat die postmoderne kultuur oprig en waardeur ons moet preek, te ignoreer. Byvoorbeeld:

- *die "so what?" of "whatever!" filter*
  As ons nie vir mense kan aantoon waarom die verrassende, paradoksale Bybelwoord van die dag 'n verskil maak aan sy of haar lewe en waarom hy of sy 'n behoefte daaraan het nie, het ons die hoorder reeds verloor.

- *die "oh really?" filter*
  Daar is 'n suspisie by vandag se hoorder jeens ons waarheidsaansprake – is dit nie dalk net nog 'n vinnige dieet of 'n kitsrykword-skema nie? "Ses maklike stappe om geestelik te groei?" "Oh really?"

Wat beteken dit vir die vormgewing van die preek?

- Doen "tacking" (lavering)

"Tacking" is wat seiljagvaarders doen wanneer hulle winde wat in een rigting waai, gebruik om die seiljag in die teenoorgestelde rigting te stuur. Gebruik dus eietydse "winde", maar stuur na die paradoks van die Evangelie toe. Dit geld byvoorbeeld van die gebruik van die narratief. Narratiewe prediking beteken natuurlik nie die aaneenryging van 'n klompie stories wat ons by sermonillustrations.com gekry het nie. Dit beteken die vormgewing van die preek rondom 'n "thickening plot", wat die hart van die preek vorm, met 'n vinnige, verrassende ontknoping aan die einde. 'n Heel ander soort vormgewing as drie beginselstellings wat argumentatief logies op mekaar volg!

Op dieselfde wyse kan multimedia effektief "gelaveer" word met die lewering van die preek, solank nuwe sagteware nooit verwar word met groter oortuigingskrag nie.

- Gebruik sekere kommunikasiepatrone van die X- en Milleniumgenerasie in die prediking, byvoorbeeld:

1. *die gebruik van "heilige sarkasme"*
   Dis natuurlik baie gevaarlik, want sarkasme is gewoonlik afbrekend, en daarom moet dit uiters omsigtig gebruik word. Maar dit is ook die taal van die postmoderne sinis wat illusies en afgode ontmasker, iets wat die kontra-kulturele kant van die Evangelie ook doen.

2. *die oop einde*
   Jesus het dit gedoen – ons kan ook. 'n Preek kan maar met 'n vraag eindig.

3. *ongemak*
   X-ers is "gemaklik" met die "ongemak" wat Jesus na hulle alledaagse lewe bring, al stem hulle nie noodwendig daarmee saam nie: "verkoop jou goed", "wees lief vir jou vyande", "wees altyd dankbaar", "moenie 'worry' nie". Jesus het dit radikaal gestel. Los dit so!

Hoe belangrik is die persoon van die prediker?

Parker Palmer wys daarop dat vier dimensies in lerende situasies belangrik is: "what we teach," "how we teach," "why we teach" en dan die skokkende "who teaches?" (want "we teach who we are"). Dit moet ons nie onnodig gespanne maak omdat ons dit verwar met "'n goeie spreker" wees nie. Dit word goed genoeg opgevang as die prediker positief kan antwoord op die volgende drie vrae voor hy of sy preek:

1. *Het hierdie boodskap 'n verskil in my lewe gemaak?*
2. *Dink ek hierdie boodskap kan 'n verskil maak?*
3. *Sal hulle wat voor my sit weet dat ek vir hulle omgee?*